staan daarso en wag om te sien wat gaan gebeur? -- Dit is wat ver wag was, ja, maar die voerpunt van die optog was nog nie by die punt waar dit nou met die polisie in aanraking kom nie.

Het hierdie mense enigsins probeer om hier voor by die punt uit te gaan en na die polisie toe te gaan en met hulle te praat en die mars agter te laat? -- Ja, ek het opgelet dat daar mense was wat vorentoe gehaas het, maar ek glo nie met hierdie uiteengaan van die optog of die mense alreeds by die polisie gekom het nie.

Ek vra het hulle voor die mars uitgegaan, voor die (10) voerpunt van die mars uitgegaan? -- Dit is wat ek sê, tydens die uiteengaan van die optog het ek nie gesien waar presies hierdie mense was by hierdie optog nie, of hulle heel voor was en of hulle nog tussen die optog was nie.

HOF : Die antwoord is dus, u het nie gesien dat iemand by die voerpunt van die optog uitbreek of verbygaan om vooruit te loop na die polisie toe nie? -- Ja, dit is wat ek sê.

MNR. JACOBS : Hoe moes die polisie nou geweet het julle wil met hulle praat? -- Nee, maar een of twee van die polisie wat in bevel was van die polisie daar, kon net na vore gekom(20) het en navraag gedoen het met wie hulle daar konpraat.

Ons kom nou terug tot hierdie punt. Hoe ver was die voerpunt van die polisie af toe hulle begin skiet het? -- Omtrent 40 meter.

En toe het die opmars nog steeds vorentoe beweeg en nog steeds nie tot stilstand gekom nie? -- U hou nou aan met die vraag van die optog wat nog verder aanstap. Ek het alreeds gesê die pas het 'n bietjie verminder. Hulle het nie vinnig geloop nie, want ons was gesê om kalm te bly, maar nog steeds stadig beweeg. Ons het ook ver wag dat daar 'n gesprek gaan (30)

dat die optog in orde bly.

Ek vra vir jou hoekom was dit nodig om vir die mense te sê om kalm te bly. Jy antwoord nie my vraag nie? -- Dit is miskien dat hulle in gedagte gehad het dat dit nodig sal wees dat hulle met die polisie moet praat.

Het daar iets gebeur in die optog dat die mense begin opgewonde raak het, dat dit nodig was om op en af te hardloop en te sê "Bly kalm, asseblief"? -- Nee.

Dan sien ek mos nie die nodigheid dat hulle op en af hardloop en sê "Bly kalm" nie? -- Die mense is in beheer (10) van die optog en hulle is die mense wat nou dink miskien gaan dit nodig wees dat hulle met die polisie moet praat, met die gevolg dat hulle dit nodig gevind het om vir ons te sê om stil te bly en kalm te wees.

Jy sien wat vir my baie eienaardig is, nie een van die ander getuies wat hier getuig het vir die verdediging het gepraat van mense wat op en af gehardloop het en gesê het "Bly kalm" nie. Dit is heeltemal 'n nuwe ding? -- Een van die getuies het hier melding gemaak dat hy na vorentoe gehaas het. Hy het iemand op pad ook gekry wat saam met hom gehaas (20) het vorentoe en as dit nou nie genoem was deur daardie persoon dat in daardie haas van hulle hulle ook gesê het dat ons kalm moet bly nie, sien ek dit nie as 'n groot verskil nie. Die feit bly staan hulle het gehaas na vorentoe. Daar is een wat gesê het die optog het toe stadig beweeg en die singery het opgehou.

Mnr. Die Tolk, ek het nou toevallig gehoor dat die getuie sê "They must calm down" en u gebruik die woorde hulle moet kalm bly. Kan u net vir ons sê? -- Ek het getolk wat die getuie sê. Dit mag wees dat die getuie 'n woord gebruik het (30)

wat/...

wat hy in Engels uitgedruk het, maar die Swarttaalwoorde wat hy gebruik het, regverdig nie die byvoeging van die laaste gedeelte wat u gehoor het nie.

Maar sy woorde was "calm down" gewees? -- As dit so is, mag ek die getuie vra om dit te herhaal vir my, dan sal ek vir die Hof sê of dit van belang was dat ek daardie verskil gemaak het of nie.

HOF : Ja, doen dit. -- Ek het in Engels gesê "keep calm".

MNR. JACOBS : U sien, die verskil is nog, daardie persoon sê hulle het vorentoe gegaan, daardie getuie. Hy het nie(10) gesê hulle het op en af gehardloop nie. Stem jy saam daar is 'n groot verskil tussen vorentoe gaan, vorentoe haas en op en af hardloop? -- Daar is 'n verskil tussen die "marshall" wat na vorentoe haas met die oog daarop om met die polisie daar voor te gaan praat en die "marshall" wat by die optog bly en toesig hou oor die optog. Dit beteken ek volg nie wat u vraag is nie.

Ek sê vir jou, my stelling is eenvoudig, daar is 'n verskil tussen die getuienis, sal jy saamstem, tussen net vorentoe gaan, vorentoe haas en getuienis wat jy nou gee (20) dat hulle het op en af gehardloop? -- Die een wat vorentoe gehardloop het, is die een wat met die polisie sou gaan praat het daar voor en hierdie "marshalls" wat gesê het ons moet kalm bly, is die "marshalls" wat by die optog gebly het om toesig oor die optog te hou.

Hierdie mense wat vorentoe gehardloop het, hoeveel was hulle? -- Ek het vyf of ses opgelet.

Waarvanaf het hulle gekom? -- Van hulle het by my verby gegaan waar ek was by daardie punt. Van hulle het sommer van voor af begin wegbeweeg. (30)

Kom ons kry dié wat verby jou gekom het, hoeveel was hulle? -- Ek kan nie onthou hoeveel hulle was nie.

HOF : Ons plaas op rekord dat beskuldigde nr. 8 teruggekeer het.

MNR. JACOBS : Hoeveel het dan van voor af begin hardloop vorentoe? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoe kom jy by jou getal van vyf of ses? -- Omdat ek opgelet het dat persone wat na vorentoe gehardloop het, was vyf of ses.

Maar jy mos tog gesien het wie verby jou kom, dat hulle(10) vyf of ses word of hoeveel? -- Ek sê ek kan nie onthou hoeveel van hulle by my verbygehardloop het nie, maar wat ek wel kan sê is, dit is 'n klompie van soveel persone wat na vorentoe gehardloop het.

Het hulle die voerpunt bereik van die mars? -- Ek het nie opgelet of hulle tot by die voerpunt gekom het en of hulle by die voerpunt verby is nie.

Hoekom het jy dit nie opgemerk nie? Het jy dan nie na die voerpunt gekyk nie? -- Ek het vorentoe gekyk. Ek sou graag wou gesien het wat daar gebeur, maar daar was (20) "marshalls" gewees wat ons in hierdie optog gehou het, dit wil sê hulle het nie eers toegelaat dat hulle aan die kant kom dat jy kan sien hoe ver kom daardie mense nie.

So, jy kon eintlik nie sien wat voor aangaan nie? -- Ek het dinge gesien wat daar voor plaasgevind het.

Jy kon net sekere dinge sien? -- Wat ek alreeds van getuig het, is wat ek gesien het.

So, jy kon eintlik net dinge sien wat vir jou gunstig is? -- U kan my van enige ding vra. Indien ek dit gesien het, sal ek vir u sê. (30)

So/...

So, jy kon ook nie sien of die polisie wel na vorentoe gekom het en of daar enigeen van hulle na vorentoe gekom het en aangedui het hulle moet stop nie? -- Ek het gesien dat dit nie gebeur het nie.

So, daardie gunstige ding vir jou kon jy gesien het? -- Dit is wat u sê, dit is 'n gunstige ding vir my. Ek het getuig dat ek dit nie gesien plaasvind het nie.

Jy sien nie as die mense vorentoe hardloop na die voerpunt, of hulle dit bereik nie? -- Nee, ek het nie gesien of hulle dit bereik het nie. (10)

HOF : Hoe ver was u van voor af? -- Ek was nie meer so ver van die voerpunt af nie. Ek skat dit omtrent tussen 80 en 100 meter vanaf die voerpunt.

MNR. JACOBS : Het jy enigsins gedurende die optog na vorentoe beweeg nadat julle by die interseksie by Caeser se huis verbygegaan het? -- Nie tot by die voerpunt van die optog nie, maar wel verder na vorentoe beweeg, 'n posisie ingeneem vanwaar ek oorspronklik was.

Hoekom? -- Want ek wou graag gehad het dat ek heel voor moet wees by hierdie optog. (20)

As jy heel voor wou gewees het, hoekom het jy nie heel voor gaan aansluit van die begin af nie? -- Ek wou gehad het dat ek een van die mense moet wees wat voor is by hierdie optog, maar die "marshalls" wat die orde gehou het daar, het dit vir my moeilik gemaak om myself te vind by die punt waar ek wou gewees het.

Toe jy by die optog aangesluit het, het hulle van voor af na jou toe gekom in jou rigting? -- Nee, ek het van die agterkant af aangesluit.

Het jy toe heel agter aangesluit? -- Ja. (30)

Nie/...

Nie in die middel nie? -- Nee.

Hoekom het hierdie "marshalls" dan, soos jy hulle noem, hierdie vyf of ses van hulle vorentoe gehardloop? -- Ek weet nie, maar wat ek sê in antwoord is dat aangesien ons alreeds die polisie daar voor gesien het en hulle het self na vorentoe gehardloop het, was dit dus hulle bedoeling gewees om 'n gesprek met die polisie daar te gaan uitvoer.

Hoekom sal die leiers voor wat die hele optog lei dan nie met die polisie gaan praat nie? -- Ek weet nie.

Dit is mos tog logies dat die manne wat heel voor is (10) as hulle die polisie sien, vooruit sal gaan en gaan praat met die polisie? -- Dit kan wees dat hierdie by die heel voorste mense gaan aansluit het.

Jy sien, die indruk wat jy by die Hof wil bring, is ek reg, dat die polisie het sommer onnodig geskiet daar? -- Sonder enige twyfel is dit so.

Dit is wat jy aan die Hof wil voorgee, nê? -- Dit is wat ek aan hierdie Hof sê wat daar plaasgevind het.

Sal u saamstem, jy kan nie betwis dat daardie oggend voordat julle die polisie gekonfronteer het daar of die polisie (20) julle voorgekeer het was daar al mense vermoor in die Vaal Driehoek nie. Is dit reg? -- U het die woord gebruik konfronteer. Bevat daardie vraag nog daardie woord?

Antwoord my vraag? Toe die polisie julle voorgekeer het op daardie stadium, was daar al mense vermoor, raadslede vermoor in die Vaal Driehoek? -- Ek weet nie daarvan nie.

Caeser was al vermoor? Jy kan dit nie betwis nie? -- Ek het destyds nie 'n idee daarvan gehad toe die polisie ons voorgekeer het nie.

Daar was al heelwat plekke aan die brand gesteeke daar (30)

in/...

in daardie woonbuurte. Jy kan dit seker nie betwis nie. Op daardie stadium was daar al? -- Ek het nie kennis daarvan van die plekke wat alreeds aan die brand gesteeek was nie.

Jy sal dit ook nie aanvaar nie, is dit wat jy sê, dat dit wel die feite is? -- Ek het nie kennis daarvan gehad nie, sê ek.

Hoe groot was hierdie optog gewees op daardie stadium? Hoeveel duisend mense was in hom? -- Dit was 'n lang optog gewees. Dit het gestrek vanaf die punt waar ons nou uiteen gegaan het terug na die poskantoor toe. Die lengte wat ek(10) skat is omtrent 600 meter. Dit wil sê daar moes duisende persone gewees het in hierdie optog. Ses of plus duisend.

Nou kry jy die situasie hier, hier kom ses of plus duisend mense aan, hulle stop nie, die polisie keer hulle voor, hulle staan voor hulle, hulle stop nie vir die polisie nie, plekke is al gebrand in die Vaal, mense is al doodgemaak en nou sê jy die polisie het sommer onnodig geskiet? -- In die eerste plek het die polisie nie die mense gestop dat die mense nou geweier het om te stop toe hulle deur die polisie gestop word nie. Tweedens, al hierdie wat u nou net genoem(20) het, het nie plaasgevind met die mense wat die polisie daar raakgeloop het nie. Derdens, polisie is opgeleide mense. Hulle behoort te weet wat om te doen en wat hulle plige is as hulle sulke persone raakloop. Wat hulle daar gedoen het was 'n optrede van mense wat nie goed dink soos u gesê het nie.

Wat se afleiding maak 'n mens as die polisie voor jou voertuie dwars in die pad trek dat jy nie verby kan kom nie en hulle staan voor die voertuie? Wat se afleiding maak 'n mens as jy nie verby kan kom nie? -- Dit mag wees dat dit (30)

is/...

is wat hulle in gedagte gehad het.

Daar is nie iets anders wat dit kon gewees het nie. Hulle blok julle pad? -- Kyk, die polisie was onder iemand se beheer daar. Hoekom hulle dit gedoen het, weet ek nie, maar soos u nou sê, 'n mens kon 'n afleiding gemaak het, ons kon net daardie afleiding gemaak het.

Die polisie wou nie hê dat julle moet verder gaan daar nie, dat julle tot stilstand moet kom? -- Dat die polisie ons nie sou toegelaat het om daar verby te loop sonder dat hulle geweet het wat die bedoeling was dat ons daar geloop het (10) nie.

Jy antwoord nie my vraag nie. Die enigste afleiding wat jy kan maak is, hulle wou julle stop, julle mag nie daar verder gaan nie? -- Nee, u maak 'n fout.

In watter opsig? -- Dat die polisie daar kan keer vir solank hulle nog nie geweet het waarheen gaan ons nie. Dan sou hulle ons keer.

Maar hulle het mos nou gekeer. Dit is dat die optog tot stilstand moet kom? -- Not necessarily, dat hulle geweier het ons moet verbygaan. There are other possibilities. (20)

Wat? -- Dat hulle miskien wou geweet het wat die doel van ons was. Na hulle gehoor het wat die rede was waarom ons daar was, sou hulle ons toegelaat het om verby te gaan.

Maar eers nadat hulle gehoor het wat die rede is, maar niemand het na vore gegaan en vir die polisie gesê wat is die rede nie? -- Volgens my was ons nie eers daardie kans gegun om te verduidelik waarheen ons op pad was nie.

So, julle leiers het nooit 'n kans gehad om vooruit na die polisie toe te gaan en vir die polisie te sê of met hulle 'n gesprek te gaan voer nie? -- Ek sê so. (30)

Wat/...

Wat het hulle verhoed dat hulle vooruit kan gaan? --
Want volgens wat ek opgelet het, die skietery het begin
alvorens die leiers van die optog gaan praat het of gaan sê
het waarheen ons gaan.

Maar hulle kon mos gegaan het. Hoekom moet hulle wag
tot op die laaste oomblik? Hulle kon mos betyds vooruit
gegaan het toe hulle sien die polisie keer hulle voor. Wat
het hulle toe verhoed om te gaan? -- Wat my betref was dit
verwag van die polisie om h aanduiding te gee dat hulle wou
verneem waarheen gaan hierdie optog en u praat van die (10)
laaste oomblik. Ek kan nie verstaan watter laaste oomblik
dit is nie, want hierdie optog was nog op pad. Dit het nog
nie eers by die polisie gekom nie.

Ek vra vir jou h vraag wat jy nou weer ontwyk. Ek vra
vir jou wat het verhoed dat julle leiers voordat hulle 40 treë
van die polisie af was, alreeds opgegaan het om met die polisie
te praat? Jy sê dinge het hulle verhoed. Nou vra ek vir jou,
jy het dit genoem? -- Daar was op ons geskiet.

Voordat julle 40 treë van die polisie af was? -- Dit
was die distansie tussen ons en die polisie. (20)

Maar jy ontwyk nog altyd my vraag. Jy antwoord my nie.
Voordat daar geskiet was op julle, voordat julle 40 meter van
die polisie af was, wat het verhoed dat julle leiers na
vore kan gaan en vir die polisie sê of met die polisie te
gaan onderhandel? Ek vra dit nou vir die derde keer vir jou.
-- U sal moet besef ons kon nie met die polisie van ver af
praat nie. Ons moes tot by die polisie gekom het. Therefore
u moet dit appreciate dat ons nie van daardie distansie af
met die polisie kon praat nie. Ek het alreeds opgelet dat
daar leiers was hier by ons wat na vorentoe gehaas het om(30)

met/...

met die polisie te gaan praat.

Jy antwoord nie my vraag nie. Ek vra wat het verhoed dat die leiers gegaan het vooruit lank voor die tyd en na die polisie toe gegaan het? Ek het nie gesê hulle moet van daar af praat met die polisie nie. Nog elke keer vra ek vir jou die vraag dat hulle vooruit gaan na die polisie toe en met die polisie praat. Het jy 'n antwoord of nie? -- As u nie tevrede is met hierdie antwoord wat ek gee nou nie, dan moet ons maar liewers nou los. Die leiers van die optog het alreeds die initiative geneem om na vorentoe te beweeg met (10) die oog daarop om te gaan praat met die mense. Dus het ek aanvaar dat hulle na hulle toe gaan.

Hoekom moes die polisie nou na julle toe kom en met julle kom praat? Julle is dan besig met 'n onwettige optog?

MR BIZOS : There is a wrong assumption in the part of the question that has already been uttered. With the greatest respect, the prosecutor is busy arguing with the witness. He can ask him about facts. He has been busy arguing with the witness for the last ten to fifteen minutes as to what the police might or might not have done. (20)

COURT : Well, is he not busy determining the intention behind the march and on that basis cross-examining the witness?

MR BIZOS : Yes, but he is cross-examining the witness on the basis what the police might or might not have thought and might or might not have done.

COURT : In his view, the witness's view?

MR BIZOS : In his view. I submit that he has been putting argument, but that is a secondary aspect. What I have now stood up to object to is that this was an unlawful march.

MNR. JACOBS : Ek wil dit so stel dat hierdie was 'n buitelig (30)

byeenkoms/...

byeenkoms op daardie stadium. Daardie wetgewing het op daardie stadium nog gegeld. Dit mag op 'n later stadium uitgegooi gewees het in die howe, maar toe het dit nog op die wetboek gestaan.

HOF : Wel, is dit u antwoord op die beswaar?

MNR. JACOBS : Ja en dat ek geregtig is om hierdie vraag te vra en ek wil dit aan hom stel dat hierdie was 'n onwettige byeenkoms gewees.

HOF : As die Hof later bevind dat 'n byeenkoms wettig is, al was dit destyds gedink dat dit onwettig is, kan u nie (10) stel as positiewe feit dat dit onwettig was nie. Die beste wat u kan stel is om te sê wel, dit was 'n oënskynlik onwettige byeenkoms. Dit is die verste wat u kan gaan.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit so stel. Ek wil dit aan jou stel op daardie stadium was dit 'n oënskynlik onwettige byeenkoms en dat 'n mens sou verwag, dan sou julle na vorentoe gegaan het om met die polisie te onderhandel? -- Ek hoor van daardie suggestion vir die eerste keer in hierdie hof. Dit is nie waarvan ons geweet het tydens die optog nie.

Het julle enigiets gedoen om vas te stel op daardie (20) stadium wat die wetgewing is wat op daardie stadium bestaan het? -- Sover as wat my kennis strek, nie.

HOF : Kan ek net vir u vra, u is gearresteer buite die kerk op 'n stadium. Wanneer is daardie aanklag teruggetrek? -- Dit was terwyl ek in aanhouding was.

Dit is na September 1984? -- ja.

So, op 3 September 1984 was daar nog 'n aanklag teen u hangende vir 'n onwettige vergadering wat u bygewoon het? -- Ja, dit is so.

En omdat u in die opelug 'n onwettige vergadering (30) bygewoon/...

bygewoon het, of dit nou reg of verkeerd was? -- Ja.

Dus u het geweet dat daar 'n verbod was op 'n vergadering in die opelug? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Toe die polisie geskiet het sê jy het jy in 'n huis ingehardloop. Is die huis direk langs die pad op die roete wat julle geloop het? -- Dit is een van die huise aan die agterkant van die huise wat na hierdie straat, die hoofstraat se voorkant kyk.

Moes jy deur 'n perseel hardloop van 'n huis aan die voorkant om by die ander huis aan die agterkant te kom? -- (10) Ja, dit is so.

En daardie huis, toe jy by hom ingehardloop het, was die deure toe? -- Nee, dit was nie toe nie.

Het mense voor jou al daar ingehardloop of was jy die enigste een wat in daardie huis ingehardloop het? -- Ja, dit is so.

Ander mense het alreeds ingehardloop daar? -- Ja.

Hoeveel van julle het in daardie huis ingehardloop? -- Ek kan nie meer onthou hoeveel ons was nie.

Gee vir ons by benadering? -- Ons kon miskien vier (20) persone gewees het daar binne.

So, julle het in daardie mense se huis ingehardloop sonder dat julle toestemming gehad het van hulle? -- Ja, dit is so.

Het julle nie omgee dat die polisie miskien agter julle sal aankom, en by die mense se huise in en dat daar nou skermutselinge kan ontstaan nie? -- Nee, ons het na daardie huis toe gehardloop net vir beskerming.

Hoekom het jy verder gehardloop in die woongebied in, verder weg na jou huis se kant toe nie? -- Ek het besef (30)

dat/...

dat die maklikste vir my was om te doen op daardie huidige oomblik was om in daardie huis in te vlug en dan myself daar te versteek.

Toe die polisie op julle geskiet het, was hulle 40 treë voor die voerpunt van hierdie optog of 40 meter, jy was omtrent 80 meter van die voerpunt af, die polisie is minstens 120 meter van jou af toe die skote geskiet is, jy hardloop nou weg, dan was daar mos geen gevaar wat op daardie oomblik vir jou gedreig het dat jy by 'n huis moet inhardloop nie? -- Ek het alreeds gesê onmiddellik toe die mense van die optog (10) uiteen gegaan het daar met die polisie-optrede, het die polisie in die voertuie ingeklim en die mense toe met die voertuie daar gejaag en die enigste maklikste ding wat ek in staat was om te doen om myself te beskerm, was om in daardie huis in te gaan. Dit is hoe ek dit goed gedink het en dit is hoe ek dit gedoen het.

Kom ons toets 'n bietjie daardie getuienis. Jy sê die polisie het net die eerste - hoeveel sarsies het hulle geskiet? Net die eerstes en toe in hulle voertuie geklim? -- Die polisie het verskeie skote gevuur as gevolg waarvan (20) die mense van die optog uiteengegaan het uit die pad uit en in die klein straatjies ingehardloop het. Die polisie het dus in die voertuie ingeklim en toe die mense gejaag in die verskillende klein straatjies.

So, die polisie het nooit daar voor die mense gestorm nadat hulle geskiet het en met sambokke geslaan nie? -- Wat gebeur het was die volgende. Die mense het uiteen gegaan na die skote gevuur was. Die polisie het in die voertuie geklim en gery in die rigting waar hulle 'n klomp mense nou vasgekeer het in 'n hoek, dan klim die polisie uit die (30)

voertuie/...

voertuie uit en slaan die mense met die sambokke.

Het jy dan nie dadelik weggehardloop toe die polisie skiet nie? -- Nee, ek het nie onmiddellik weggehardloop nie. Ek het net padgegee vanaf die hoofpad.

Toe staan jy nou eers en kyk wat aangaan? -- Verbasend, ja, toe staan ek en kyk wat gebeur nou, hoekom word ons aangeval.

Nou klim die polisie in hulle voertuie wat dwars staan, hulle draai hulle voertuie om en nou jaag hulle agter mense aan wat hulle vaskeer en jy staan en kyk? -- Wat gebeur (10) het is, ek het net padgegee van die hoofpad af, in 'n perseel gaan staan en kyk na wat gebeur het soos beskryf deur my. Terwyl ek nou so staan en kyk, het ek besef dat ek nou vasgekeer is. (Getuie gebruik die woord "trapped") Daar was polisievoertuie wat in die straat parallel met die hoofpad gery het en daar was nog polisievoertuie in die hoofstraat gewees as gevolg waarvan ek toe besluit het om skuiling te neem by hierdie huis.

Dit is die eerste maal wat ons hoor dat jy daar gaan staan en kyk het op 'n stadium. Dan was jou oorspronklike(20) getuienis nie korrek dat jy dadelik weggehardloop het toe die polisie begin skiet en die "marshalls" daar gesê het julle moet uitmekaar gaan nie. Is dit reg? -- U maak 'n fout as u so sê.

Hoekom sê jy so? -- Ek het weggehardloop vanaf die hoofpad en padgegee met ander woorde om 'n skuilplek te gaan soek. Dit is toe die polisie begin skiet het.

Goed, ons het dit nou so. Jy het gehardloop toe die polisie begin skiet. Waarheen hardloop jy? Laat ons net weer duidelikheid kry? -- Ek het ook in hierdie huise wat (30)

naby/...

naby die hoofpad geleë is ingehardloop.

HOF : Ek wil nou net duidelikheid kry. Toe die skote klap, toe hardloop u en u hardloop direk in die huise in naby die hoofpad? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Ek het nou-nou verstaan jy het gesê jy het net padgegee van die hoofpad af en toe het jy gestaan en kyk? -- Ek het in die huis ingehardloop. Dit is een van die huise wat naby die hoofpad geleë is. Ons het deur die vensters geloer toe hierdie voorval nog verder aangegaan het.

Jy antwoord nie my vraag nie. -- As ek net mag voltooi. (10) Terwyl ons so loer deur die vensters, sien ons dat daar gebruik gemaak word van traangas. As gevolg daarvan het ons toe die huis verlaat omdat die traangas ons binne-in die huis geaffekteer het. Ons is op die erf van daardie huis. Ons het geweet waarnatoe om te gaan nie, want die polisie was alreeds orals daar gewees.

HOF : Ja, maar waarheen het u toe gegaan? -- Bedoel u vanaf die huis?

Ja? U is nou uit, die traangas het u na buite gedryf, nou weet u nie waarnatoe om te gaan nie. Waarheen is u (20) toe? -- Ons het om die huis gehardloop. Byvoorbeeld die polisie, as hulle van die hoek van hierdie huis af te voorskyn kom, het ons omgehardloop, dit wil sê verskeie kere om daardie huis gehardloop tot een van ons raakgeskiet was in die nek.

Was u net in een huis in? -- Ja, ek was net in een huis gewees.

Ek het gedink dat die huis waar u in was, was 'n huis wat front aan die volgende straat wat parallel loop met die hoofstraat? -- Ja, dit is so. Ons het oor die omheiningdrade geklim. Toe ek by daardie huis se erf gekom het, (30)

het/...

het ek besef dat ek nie meer 'n kans het om nog by die straat te kom nie en ek het dus by daardie huis ingegaan.

MNR. JACOBS : Ek neem aan jy het baie vinnig weggehardloop toe die polisie begin skiet en jy begin weghardloop na hierdie huis toe?

HOF : Ek kan nog nie mooi begryp nie. Ek het verstaan dat u sê dat u in 'n huis ingehardloop het langs die hoofpad en deur die vensters geloer het na wat aangaan? -- Nee, dit is nie 'n huis wat geleë is by die straat nie, dit wil sê die hoofstraat waar die optog was nie. Dit is 'n huis aan die(10) agterkant van daardie huis wie se front aan die hoofstraat was waar ek ingehardloop het en deur die venster geloer het.

Miskien het ek u verkeerd verstaan. Die notule sal seker duidelik wees.

MNR. JACOBS : Is dit die huis direk agter die huis wat aan die hoofstraat front, laat ons nou nie daarvoor ook moeilikheid kry nie, of is dit dieper in die woongebied in agter hierdie huis? -- Ek sê daar is twee strate daar wat parallel loop. Dit wil sê daar is huise daar. Die huis se front is aan die hoofstraat, dit wil sê die straat van die optog.(20) Die een se front is aan die ander straat. Dit is nou die ander straat wat parallel is met die hoofstraat. So, ek was by die huis direk aan die agterkant van die huis wie aan die hoofpad front, maar dié huis was aan die ander kant.

HOF : Ja, u was in die huis waarvan die voordeur wes kyk? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : Nou wil ek net my vraag herhaal van netnou. Toe die skietery begin, toe die polisie begin skiet en die "marshalls" gesê het julle moet uitmekaar gaan, het dit vinnig gegaan en jy het vinnig weggehardloop na hierdie (30)

huis/...

huis toe? -- Ek was vinnig om pad te gee van die hoofpad af en te vlug.

Direk na daardie huis toe? -- Ek sal nie sê direk na daardie huis toe nie. Ek was nog verbaas oor hierdie skietery deur die polisie.

Goed, u was verbaas, maar hoe het u dan gegaan? Het u nie direk na die huis toe gegaan nie? -- Ek kan nie sê direk nie, want ek het oor omheiningsdrade van ander huise geklim.

Dit is reg, dit is nog direk en dit is daarom dat jy direk soontoe is, jy moes oor drade gespring het? -- Dit (10) het ek gedoen tot by hierdie betrokke huis waar ek nou gevind het dat ek nie verder kan weghardloop nie en toe besluit het om by hierdie huis in te gaan.

Jy het nêrens op die pad gestop nie? Jy het net gegaan en oor die draad gespring, verder gehardloop en as daar nog 'n draad is aan die agterkant van hierdie huis weer oor die draad gespring in die perseel in waar jy weggekruip het in die huis? -- Ja, ek het nêrens gestop nie. Dit is die eerste plek waar ek ingehardloop het vir veiligheid.

Netnou toe jy vir die Hof vertel het hierso, glo dit(20) as u wil, hoe braaf jy was, dat jy daar gestaan en kyk het, het jy vir die Hof 'n leuen vertel, om te sien hoe dat die polisie mense vaskeer daar? -- Ek het die waarheid vertel.

Ek kan dit dan nie verstaan nie. Een keer sê jy jy het direk weggehardloop, 'n ander keer sê jy jy het net van die hoofpad afgegaan en toe staan jy en kyk, glo dit as u wil, dit was u woorde gewees? -- Vanaf hierdie huis waar ek was, kon ons sien wat daar buite gebeur. Soos ek sê op 'n stadium het dit gebeur dat ons die huis moes verlaat en om die huis hardloop. (30)

Maar/...

Maar jou getuienis was netnou anders gewees. Toe het jy gestaan en kyk as 'n brawe man hoe dat die polisie die mense so vaskeer?

MR BIZOS : Did he say that, that he stood there as a brave man?

MNR. JACOBS : Die woorde wat hy gebruik het, was "glo dit as u wil, ek het gestaan en kyk." Dit is die afleiding wat 'n mens kan maak.

MR BIZOS : If My Learned Friend quotes the evidence he must quote the evidence. If he wants to gloss on them, he (10) must please leave the gloss out, otherwise it confuses the witness.

HOF : Dit is waar, anders gaan die getuie netnou antwoord oor die punt van die brawe man wat glad nie eers te sprake is nie.

MNR. JACOBS : So, jou getuienis was netnou verkeerd toe jy gesê het dat jy het daar gestaan en gekyk hoe dat die polisie die mense vaskeer en dit was baie duidelik die indruk wat jy gegee het, dat dit was voordat jy in die huis gaan skuil het? -- As u 'n verskil daarin sien, ek sien geen verskil nie. (20) My getuienis is consistent.

Die traangas wat die polisie gegooi het of geskiet het op die oomblik toe die opmars uitmekaar gejaag is, daardie oomblik, of dié wat op daardie stadium deur die helikopter gegooi was, het dit jou geaffekteer? -- Ja, dit het my geaffekteer.

Kon jy goed sien? Hoe affekteer traangas jou? -- Dit laat jou oë trane loop.

Brand dit? -- Ja, dit maak jou oë so 'n bietjie jukkerig.

Kan jy ook nie mooi sien dan nie? -- Ja, dit is wat (30)

gebeur/...

gebeur.

So, jou oë was ook geaffekteer dat jy nie baie mooi kon sien nie? -- Onmiddellik toe dit begin gebeur, het ek water gekry, my oë gewas en toe goed gesien.

Waar het jy die water gekry onmiddellik toe dit gebeur het? -- By een van die huise daar waar ons verbygehardloop het by waterkrane buite.

O, jy het dan gestop by 'n kraan. Is dit dan reg? -- Ja, dit is so.

En jou gesig gewas? -- Ja. (10)

Jy sê ons, wie was saam met jou? -- Ons was baie daar wat eintlik baklei het om eerste by hierdie waterkraan te kom.

Jy was seker nie eerste nie. Jy moes seker ook maar 'n beurt af wag? -- Ja, dit het my nie lank geneem nie.

By watter huis was dit nou gewees? -- Ek is nie seker nie, maar al wat ek kan sê is, ek weet ek het water gekry en my gesig gewas.

Jy het nou vir die Hof gesê by een van die huise waar julle verbygehardloop het. Ek wil net probeer vasstel (20) by hoeveel huise het julle verbygehardloop? -- Ek kan nie onthou nie.

So, dit is nog 'n fout in jou getuienis waar jy netnou gesê het jy het direk weggehardloop na daardie huis toe oor die draad en daar ingegaan? -- Ek het gesê dit is die eerste plek waar ek ingegaan het om myself daar veilig te hou.

Kan jy onthou dat ek vir jou gevra het of jy gestop het op enige stadium van jy begin weggehardloop het tot by daardie huis en dat jy gesê het nee? -- Nee, ek stem nie saam met u nie. (30)

So/...

So, jy het nie gestop by 'n waterkraan dan nie, dit was 'n fout gewees wat jy gemaak het? -- Ek stem ook nie daarmee saam nie.

Wat is dan die feit daar? Het jy gestop by 'n kraan? -- Die eerste plek wat ek binnegegaan het met die oog daarop om myself te beveilig, is hierdie huis wat ek van praat wat ek binnegegaan het, maar alvorens ek daar gekom het, het ek by 'n ander plek gestop om die water te kry.

So, toe die traangas jou getref het en totdat jy by daardie huis gekom het waar jy by die kraan gekom het, kon(10) jy nie eintlik goed sien nie? -- Ek kon goed sien. Dit is juis hoekom ek oor die omheiningsdrade kon spring. Dat die oë miskien so 'n bietjie gejuk het, beteken nie dat 'n mens nie sal kan sien nie. Selfs die loop van die trane, kan nie veroorsaak dat jy nie kan sien nie.

So, dit is nog 'n fout wat jy netnou gemaak het dat traanrook het die effek dat 'n mens nie goed kan sien nie? -- Nee, ek stem nie saam met u as u sê dit is 'n fout nie.

Nou maar jy het netnou vir ons gesê traanrook het die effek dat 'n mens nie goed kan sien nie. Is dit nie so nie?(20) -- Traanrook affekteer 'n mens se oë dat hulle juk en trane uitloop, maar ek kon nog sien en oor die drade klim.

Toe jy netnou vir die Hof gesê het dit maak dat 'n mens nie goed kan sien nie, was dit verkeerd? -- Ja, ek het so gesê.

Jy sien, ek probeer nog vasstel tot op hierdie stadium waar jy sê nou maar by die kraan gekom het en waar jy daar gaan stop het. Waar het jy gesien dat die polisie die mense slaan met sambokke? -- Terwyl ons nog vasgekeer was in daardie huis wat ek van gepraat het, het die polisie nog aangegaan(30)

om/...

om die mense te slaan en ek was besig om dit te sien.

Nee, ek praat van voor jy in die huis gekom het? -- Na die skietvoorvalle dat die optog uiteen gegaan het, van die polisie het toe mense daar agternagesit met knuppels en sambokke.

HOF : Dit is daar in die hoofstraat? -- Ja. Toe die mense nou weggehardloop het vanaf daardie hoofstraat, het die polisie toe teruggehaas na die voertuie toe en van die voertuie gebruik gemaak om die mense te jaag en by die mense gestop, afgeklim en toe die mense geslaan. (10)

MNR. JACOBS : Nou kom h interessante ding uit. So, jou getuienis is nou dat die polisie het geskiet, hetsy rubber patrone, hetsy traanrook, toe het hulle gestorm na die mense toe, hulle geslaan met sambokke en toe teruggegaan en in die voertuie gaan klim. Is dit wat jy nou sê? -- Wat gebeur het, is na die polisie geskiet het, het die mense van die optog uiteen gegaan en gevlug. Die polisie het hulle agterna gesit met knuppels en sambokke. Die meerderheid van die polisie het toe dus later teruggekeer na die voertuie toe en toe gebruik gemaak van die voertuie om verdere opvolging(20) te maak van die persone wat gevlug het.

Dit sien jy alles in die tyd wat jy met traangasoë weggehardloop het, oor h draad geklim het na die kraan toe? -- Ja, dit is so.

Het hulle die mense geslaan, ingehaal? -- Hulle het hulle nie vasgegryp nie, maar wel ingehaal en geslaan.

So, die polisie hardloop baie vinnig. Hulle vang 40 meters op sommer net so op die mense? -- Ja.

En in daardie tyd hoe ver het jy gehardloop wat hulle 40 meter gehardloop het? -- Ek weet nie hoe ver ek al (30)

weggehardloop/...

weggehardloop het nie, maar wat ek wel kan sê is, ek het padgegee vanaf die hoofpad.

Jy sien, nou-nou toe ek vir jou gevra het hoekom jy nie dieper in die woonbuurt ingehardloop het nie, en nie by hierdie mense se huis ingegaan het nie, het jy vir ons vertel die polisie het geskiet, dadelik in die voertuie geklim en toe met die voertuie gekom om die mense vas te keer en dit is daarom dat jy nie kans gekry het om verder in die woongebied in te vlug nie. Onthou jy dit? -- Ja, dit is so.

Sal jy met my saamstem dit is 'n verskillende weergawe(10) wat jy nou sê dat die polisie het die mense geskiet en die mense gestorm, toe omgedraai na die voertuie en ingeklim? Stem jy saam dit verskil? -- Hierdie goed gebeur omtrent gelyktydig. Dit is hoekom ek hulle sommer in dieselfde asem noem.

Ek vra nie of hulle gelyktydig gebeur het nie. Ek vra stem jy saam daar is 'n groot verskil tussen die twee weergawes? -- Nee.

Hierdie huis sê jy se deur was oop gewees. Vandat julle nou ingevlug het in daardie huis, is die deure toegemaak? (20) -- Ek kan nie meer onthou of die deur toegemaak was nie.

Het julle weggekruip in daardie huis? -- Nee, ons het net die huis binnegegaan en sommer in die middel van die huis gaan staan.

In die middel van die huis? -- Ons het in die huis gaan staan.

Maar waar in die middel van die huis? Laat ons net duidelikheid kry daaroor? -- Ek het toe terwyl ons daar gestaan het deur die venster geloer wat gebeur.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Besef jy nou jy(30)

het/...

het weer n fout gemaak? -- Watter vraag?

Ek het vir jou gevra waar het jy gaan staan in die middel van die huis? -- Ek het in die kombuis gestaan en toe na buite geloer.

Is die kombuis aan die agterkant van die huis? -- Ja, dit is aan die agterkant.

Ek dink die Hof het netnou gesê die voordeur kyk na die westekant, die straat is aan die westekant? -- Die kombuisdeur is na die westekant toe.

Na die straat se kant toe? -- Ja, wat parallel is met(10) die teerstraat.

HOF : Is die huis se voordeur sy kombuisdeur? -- Nee, nee, die "lounge, dining-room" se deur is na die westekant. Met ander woorde, die kombuisdeur is aan die teenoorgestelde kant.

Kyk hy oos? -- Ja, in die rigting van die teerstraat.

Dit is oos? -- ja.

MNR. JACOBS : En die vensters kyk ook na die oostekant, daardie muur aan die oostekant wat na die teerstraat toe wys langs die deur? -- Aan die suidelike kant is die venster.(20)

Jy het nog nie netnou se vraag geantwoord nie. Waar in die middel van die huis het julle gaan staan? -- Ek was in die kombuis gewees. Die ander mense het deurgegaan vorentoe. Dit kan wees dat hulle tot by die "lounge, dining-room" gekom het.

So, jy was dan nie in die middel van die huis nie. Is dit reg? -- Ek was nie in die middel van die huis nie.

Langs hierdie huis, was daar ander huise gewees? -- Ja, daar was.

Is hierdie huise naby mekaar gehou? -- Ja, dit is so.(30)

As/...

As jy by die kombuisvenster na die suidekant toe uit kyk, hoe ver is die ander huis daarvanaf? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : Kom ons maak dit 8 meter.

MNR. JACOBS : Lê hierdie huise min of meer langs mekaar gelyk voor, voorkante gelyk, agterkante gelyk? -- Nee, hulle wissel. Daar is van hulle wat h bietjie vorentoe gebou is en daar is wat agtertoe gebou is.

Die huis aan die suidekant waar die venster is, moes tog jou uitsig belemmer het op die pad? -- Belemmer het (10) van wat?

As jy deur daardie venster gekyk het aan die suidekant moes jy teen die huis vasgekyk het langsaan? -- Nee, jy is in staat om te sien, òf meer regs òf meer links van daardie huis.

Ek verstaan nou nie meer regs of meer links wat bedoel jy daarmee nie. -- Wat ek daarby bedoel is, as jy by die venster staan, kan jy na jou regterkant toe kyk en jy sal sien wat gebeur verder as daardie muur en as jy na jou linkerkant toe kyk deur die venster, kan jy ook verder as die (20) muur sien.

Dit is nie wat ek gevra het nie. Kom ons maak dit nou duidelik. As jy na die linkerkant toe kyk, kyk jy in h klomp agterplase in. Is dit reg? -- Nee, dit is nie reg nie. Jy kan die perseel van die huis skuins regoor die huis vanwaar jy deur die venster loer en dan kry jy tussen daardie huis en die huis langs hom h opening wat jou dan toelaat om in die straat te sien aan die ander kant. Dieselfde geld as jy na die linkerkant kyk. Jy sal h spasie kry wat jou toelaat om te sien tot by die teerstraat. (30)

Kyk/...

Kyk jy nie parallel met die teerstraat af in die agterplaas as jy by daardie venster uitkyk nie?

HOF : Dit hang seker af hoe jy jou kop draai.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit daar laat. Ek wil dit aan jou stel dat 'n gedeelte van daardie straat wat jy sien, is 'n baie klein gedeelte? -- Ja, jy sien 'n klein gedeelte van die pad.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net duidelikheidshalwe, die pad waarvan ons nou praat, is dit nog steeds die pad waarin die optog besig was om te beweeg? -- Ja, maar beide van hulle, (10) selfs die een wat parallel is met daardie een is ook sigbaar.

MNR. JACOBS : Ook 'n baie klein gedeelte? -- Ja, 'n baie klein gedeelte.

En jou uitsig word juis belemmer deur die huis langsaan? Dat jy 'n groter deel van beide die paaie sien? -- Ja, dit belemmer tot 'n mate 'n mens se uitsig dat jy nie 'n volle uitsig kan kry nie.

En die kombuisvenster, was dit oop of toe gewees? -- Ek kan nie onthou nie.

Was daar traanrook in daardie huis gegooi? -- Nie (20) direk nie, in die sin dat daar 'n kannetjie traangas in die huis self te lande gekom het nie, maar daar was traangas wat daar ingeblaas het wat ons dan geaffekteer het.

HOF : Ingewaaï het? -- Ja, ingewaaï het.

MNR. JACOBS : As die deure en vensters toe gewees het kon dit julle mos nie geaffekteer het nie? -- As dit so was, ja.

Het julle dit nie agter julle toegemaak nie? -- Ek het gesê ek kan nie onthou nie.

So, daar was nie - ek wil dit aan jou stel daar was nie traangas wat julle uitgedryf het uit daardie huis uit (30)

nie/...

nie? -- Ons was deur die traangas uit die huis gedryf. Selfs die inwoners van die huis was deur die traangas uitgedryf.

Niemand het h deur toegemaak nie? -- Ek kan nie onthou of die deur toegemaak was nie.

HOF : Maar buite is die posisie tog erger as binne? -- Ons het gevind dat daar binne maak hierdie traangas asof ons "suffocate", met die gevolg dat ons in h toe plek in die huis in is.

MNR. JACOBS : Hierdie traanrook in hierdie huis, was julle uitsig weer belemmer? Het julle oë weer getraan? -- Ja, (10) dit het ons affekteer.

En toe jy nou uitgaan, toe was daar baie traangas buite-kant wat ook nog vir julle verder geaffekteer het? -- Dit was beter gewees daar buite.

Maar daar was traangas was julle ook geaffekteer het? -- Ja, daar was.

En hier was toe nou nie h kraan waar julle gewas het nie. Julle moes maar so hierdie traanrook verduur? -- Mense het heen en weer gehardloop na die kraan toe en weer teruggekeer om skuiling te neem by die muur. (20)

Toe julle nou uitgaan, het julle agter die huis gebly? -- Na ons die huis verlaat het, het ons vir h rukkies op die werf van die huis vertoef.

Is dit nou by die agterkant van hierdie huis, agter die agtermuur? Het julle daar geskuil? -- Nee, ons het om die huis beweeg. Dit het afgehang van die polisie van watter kant af die polisie te voorskyn gekom het. Dan sou ons skuiling geneem het aan die ander kant van die muur en die helikopter ook.

Het die polisie julle uit die huis gehaal? -- Selfs (30)

die/...

die helikopter, as hy daar van een kant af gekom het, het ons omgehardloop dat hulle ons nie kan sien aan die ander kant nie.

Het die polisie julle uit daardie huis gedryf? Fisies self, met die sambokke? -- Nee, hulle het nie by die huis ingegaan nie.

By die huis langs julle, het hulle daar ingegaan? -- Nee, hulle het nie.

En in die huis ander kant langs julle, het hulle daar ingegaan? -- Ek weet nie. (10)

En die huis reg agter julle, dit is nou aan die straat se kant, aan die hoofstraat se kant, het hulle daar ingegaan? -- Ek het hulle nie gesien daar ingaan nie.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig, jy het in jou getuienis hier vir die Hof vertel hoe dat die polisie mense in die huise geslaan het met sambokke en ek wil graag weet hoe het jy dit gesien? -- Ek het dit by ander plekke gesien plaasvind.

Ek praat nie nou van ander plekke nie. Ek vra vir jou hierdie dag daar by hierdie gebeure? -- My antwoord daarop(20) is by hierdie huis waar ek skuiling geneem het, het ek dit nie gesien plaasvind nie. Selfs by die huise wat u nou net genoem het in die nabyheid van hierdie huis het ek nie gesien dat dit plaasgevind het nie, maar wel gesien dat dit gebeur by ander huise.

Waar? -- By ander huise wat geleë is in hierdie straat wat parallel is met die teerpad. Dit het gebeur dat hulle die huise daar binnegegaan het en mense met die sambokke uitgejaag het.

Wanneer het jy dit gesien? -- Terwyl ons so skuiling(30)

geneem/...

geneem het deur om die huis te hardloop, het ek dit opgemerk. En tweedens, toe ek gaan bel het daar vir die ambulans, het ek gesukkel om terug te kom op die toneel waar die beseerde persoon was, want die polisie was besig om die mense te slaan.

So, jy kon deur die nure sien wat gebeur in hierdie huise? -- Nee, ek het nie deur die mure gesien nie, maar direk.

Hoe kan jy direk in die huis sien wat gebeur in 'n huis? -- Nee, maar as mense nou die huis verlaat en hulle word gejaag deur die polisie dit kan ek sien. Nou kom hulle (10) met die mense uit die huise uit.

So, jy het nog 'n fout gemaak toe jy vir die Hof gesê het die polisie het die mense binne-in die huise met sambokke geslaan. Jy kon dit nooit gesien het nie? -- My getuienis is dat mense uit die huise uitgedryf is met sambokke en na my mening toe dit gebeur het, beteken dit dat die mense binne-in die huise alreeds met sambokke geslaan was.

In jou smeerveldtog van die polisie kom jy en maak afleidings hier om te sê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag 'n bietjie, mnr. Jacobs. Bly nou maar net een-(20) voudig by die feite en u kan my later toespreek oor of daar 'n smeerveldtog is of nie, wanneer ek die getuie se getuienis behandel.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K649

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

MNR. JACOBS : U Edele, ek het verstaan mnr. Vilakazi is in die hospitaal opgeneem. Ek wil dit onder die Hof se aandag bring. Dit is beskuldigde nr. 10.

HOF : Hoe lank sal hy daar wees? (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Ek kon nie uitvind nie. Hulle het net vir ons gesê hy is opgeneem. Ons sal miskien môre vir die Hof kan sê. Die polisiebeamptes wat hom weggevat het het teruggekóm en gesê hy is opgeneem.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, jy het gepraat van 'n insident waar die polisie 'n klomp mense vasgekeer het en toe met die sambok geslaan het. Waar is hulle vasgekeer? -- Van die huis waar ek was "almost" oorkant die straat. Dit is die straat wat parallel is met die teerpad.

Is dit terwyl jy al in die huis was? -- Nee, ek was (10) al buite die huis gewees.

Is dit nadat jy in die huis was? -- Ja.

Laat ons net hoor, waar is hulle vasgekeer? -- Dit is oorkant die straat by 'n huis met 'n hoë omheiningdraad. Dit is mense wat in daardie erf ingehardloop het. Die polisie het hulle vasgekeer daar sodat hulle nie oor daardie omheiningdraad kon klim nie en die polisie het hulle toe met sambokke daar geslaan.

Waar is hierdie omheiningdraad? Is dit aan die voorkant of aan die agterkant van daardie huis? -- Rondom die (20) perseel.

Waar was die mense voorgekeer? Aan die voorkant of aan die agterkant? -- Aan die voorkant.

Hoe hoog is hierdie draad? -- (Getuie dui hoogte aan)

HOF : 2 Meter.

MNR. JACOBS : Wanneer het die mense daar ingehardloop? -- Ek het nie opgelet toe hulle daar ingehardloop het nie, maar ek het wel bewus geword van hulle daar op die stadium wat hulle aangeval was.

Hoeveel mense was dit? -- Dit was 'n klompie persone, (30)

tussen/...

tussen ses en sewe.

Was dit nie 'n groot klomp mense wat hulle vasgekeer het nie? -- Nee, dit was nie 'n groot klomp nie.

Terwyl jy in die huis was, het jy niks waargeneem wat buitekant aangaan nie, weens jou beperkte uitsig? -- Ek kon iets sien.

Wat het jy gesien daarvanaf? -- By ander plekke hardloop 'n persoon om die huis om by die agterkant te kom of by 'n ander gedeelte van die huis te kom en as hy net daar uitkom hardloop hy hom vas teen die polisieman wat 'n sambok het (10) en dan sal die polisieman die persoon met 'n sambok slaan.

By watter huis het dit gebeur, want die huise langsaan het mos jou uitsig belemmer? -- Ek het gesê dit was sigbaar gewees skuins regoor vanwaar ek was. 'n Mens kon sien.

Is dit net die een insident wat jy kon sien en wat jy waargeneem het? -- Nadat hy uit die huis gekom het, het ek gesien dat dit op verskillende kere gebeur het dat mense die polisie raakgehardloop het en dat die polisie hulle met sambokke slaan.

Ek praat terwyl jy in die huis was. Is dit net die een(20) insident wat jy waargeneem het? -- Behalwe dat ek miskien op 'n distansie gesien het dat mense hardloop en hulle word deur die polisie gejaag. Dit het ek gesien.

Jy sien, want hoekom ek jou vra, jy het vir die Hof gesê jy was nie lank in daardie huis nie. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En jy het in jou getuienis-in-hoof vir die polisie vertel en ek gaan dit aan jou stel soos ek dit genotuleer het "I ran into the house and on the right-hand side I was in that house observing what was happening." Die indruk (30)

wat/...

wat ek gekry het van jou getuienis is dat jy jou waarnemings van wat jy vir die Hof vertel het van hoe die polisie die mense slaan het jy uit daardie huis uit gedoen? -- Van die voorvalle wat ek na verwys het ek gesien terwyl ek in daardie huis was. Party het ek gesien terwyl ek op die erf van die huis was.

Jy sal saamstem dit is 'n verkeerde indruk dat jy hier vir die Hof gesê het jy het jou observasie gedoen van wat gebeur het uit daardie huis uit. Jy het net een insident waargeneem wat jy vir die Hof van kan vertel. -- Ek praat (10) die waarheid want van die dinge wat ek van praat het ek opgelet terwyl ek binne-in die huis was.

Jy kon vir die Hof net een insident noem. Is dit reg? -- Ek het van twee voorvalle gepraat.

Een waar die mense by die ander perseel was en die ander waar die polisie net agter mense aanhardloop? -- Nee, daar is gevalle waar ek gesê het 'n mens kyk miskien en sien 'n ander een hardloop om die huis en vas teen die polisieman wat dan daardie persoon met 'n sambok slaan.

Hoe lank het jy in daardie huis gebly ongeveer? -- (20) Binne-in die huis?

Ja? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Was dit vyf minute, tien minute, langer, korter? -- Ek glo nie dit kon langer as tien minute gewees het wat ek daar in daardie huis was nie.

Toe die mense begin weghardloop, het hulle alkante toe gehardloop, nie net na die een kant toe, die regterkant toe nie, maar ook na die linkerkant toe? -- Ja, dit is so.

Is dit reg dat daar maar seker taamlik min mense in die persele ingehardloop het? Party het skoon weggehardloop?

(30)

Die/...

-- Die mense het almal die hoofpad verlaat in die klein paadjies in die omgewing.

En baie het verder weggehardloop, nie in persele in en in huise in nie? -- Ja, die meerderheid het met die pad weggehardloop.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig dat die polisie nou so lank sal draai net op die een punt waar jy min of meer is? -- Wat is die vraag nou?

Ek sê dink jy nie dit is 'n baie eienaardige situasie dat die polisie net so draai op daardie een punt waar jy (10) omtrent gaan skuil het nie? -- Ek het nie gesê dat hulle net daar rondbeweeg het waar ek skuiling gesoek het nie. Daar was baie van die polisiebeamptes. Van hulle het afgehardloop en die mense agternagesit.

Hoeveel polisiebeamptes was daar ongeveer? -- Baie. Ek weet nie hoeveel in getal nie.

Gee vir ons 'n skatting? -- Hulle kon honderd gewees het want ek het verskillende tipe grootte voertuie daar gesien. Casspirs, die polisiebus, landrovers en die groot polisie-trokke. (20)

Ek stel dit aan jou dit is hoogs onwaarskynlik dat die polisie net daar sou gebly het. Hulle sou nog verder gery het en nog verder aangegaan het en hulle sou nie daar tien minute terwyl jy in die huis was daar gebly het nie, maar aangegaan het? -- Daar was nog ander mense daar gewees wat die huise verlaat het en dan het die polisie hulle gesien en hulle gejaag en van die polisie het eintlik verbygegaan waar ek was. Dit wil sê verder voortgegaan. Dus verbaas dit my nie dat hulle so lank geneem het daar nie.

En nadat hierdie man geskiet was, toe loop jy in die (30) straat/...

straat af na jou huis toe om te gaan bel en die polisie doen jou niks nie, terwyl hulle al hierdie ander mense so aanrand? -- Nee, ek het eers daar uitgekyk en gesien hoe veilig dit vir my was en toe vinnig uitgehardloop om by die huis te kom. In die hardloop het een van die polisie 'n rubberkoeël geskiet wat eers op die grond te lande gekom het en toe dit gespring het van die grond af het dit toe nie sterk geword nie. Met die opkom het ek dit opgetel en dit saamgeneem huis toe.

So, jy hardloop en daar is nie polisie in die straat toe wat jou voorkeer dat jy nie na julle huis toe kan gaan(10) nie? -- Die polisie was nie baie ver gewees nie. Soos ek sê. daar is een wat probeer het om my raak te skiet.

Maar toe jy weer terugkom nadat jy gebel het, was daar weer so baie polisie wat jy sien wat die mense slaan en uit die huise jaag? -- Wat ek opgelet het, was die polisie is nog steeds besig om mense uit die huise uit te jaag by die klein strate in die nabyheid van die teerpad. Dit is wat ek opgelet het.

Watter klein strate in die nabyheid van die teerpad praat jy nou van? -- Dit is die strate parallel met die (20) teerpad en ander klein strate verder diep in.

So, dit is nou diep in die woonbuurt in? -- Ongeveer drie strate vanaf die teerpad. Dit is waar die polisie besig was.

So, het jy agter die polisie aangegaan na jou huis toe? -- Nee.

Nou hoe het jy dan daar gekom drie strate van die teerstraat af weg? -- Van my huis af na die plek waar die beseerde persoon was, loop ek van oos na wes en met dié sien ek aan my linkerkant daar is huise geleë dat die polisie(30)

nou/...

nou dieper die woonbuurt ingaan.

HOF : Ek verstaan nie mooi nie. Van jou huis af na die beseerde persoon, loop jy van oos na wes? -- Die pad is oos na wes, maar ekself het wes na oos gestap.

MNR. JACOBS : Van jou huis af? -- Ja.

Beteken dit dan nie dat jou huis moet dan verder van die hoofpad af wees nie? Toe jy hierdie dinge waargeneem het, was dit ver van jou af? -- Ja, maar van dit het naby genoeg plaasgevind vir my om te kan sien wat gebeur. Daar was wel daarvan wat baie ver was. (10)

Laat ek net duidelikheid kry, wat sien jy wat naby is wat gebeur? -- Byvoorbeeld die polisie gaan daar per voertuig verby persone daar en skiet met 'n rubberkoeël en die mense begin vlug. Van die polisie klim van die voertuie af en jaag die persone. Dit is wat ek opgemerk het.

So, jy sien hulle klim van die voertuie af en hulle jaag die persone. Waarheen jaag hulle hulle? -- Die persone het in verskillende rigtings gehardloop.

Nie in huise in nie? -- Party van hulle het skuiling geneem agter die huise. Van hulle het in die huise inge- (20) gaan.

Jy sien, ek probeer nou vasstel, jy het vir die Hof gesê dat toe jy na jou huis toe gegaan het en weer teruggekome het, veral toe jy teruggekome het, het jy gesien hoe dat die polisie die mense uit die huise slaan, net voor die verdaging, met die sambokke en nou kan jy dit nie vir die Hof vertel nie? -- Ek het verduidelik dat dit gebeur het.

Ek probeer nou vasstel wanneer? -- Terwyl ek by daardie huis was, het ek dit gesien plaasvind. Selfs op pad terug na die toneel waar die beseerde persoon was, het ek dit (30) gesien/...

gesien plaasvind.

Waar het jy dit gesien, want ek het jou nou gevra en jy kon nie vir ons sê nie? -- Ek sê dan dit het plaasgevind by baie huise in die nabyheid van die huis waar ons was.

So dit het nie gebeur toe jy teruggekom het van jou huis af nadat jy gebel het nie? -- Op pad terug het dit nog plaasgevind.

Waar het dit toe plaasgevind? Naby die huis waar jy geskuil het? -- In 'n groot aantal huise daarvanaf het dit plaasgevind. (10)

Ek dog dan jy sê dit was veilig gewees om van daardie huis af waar jy geskuil het na jou huis toe te gaan vinnig? -- Maar ek het nou net vir die Hof gesê daar is 'n polisieman wat opgelet het toe ek die huis verlaat het en toe 'n rubberkoeël geskiet het.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie storie van jou - ek wil dit stel is net 'n fabel wat jy vir die Hof hier vertel van die mense wat so uit die huise uitgejaag is met sambokke en geslaan is binne-in die huise? -- Dit is wat daar plaasgevind het. Baie mense is beseer daar. (20)

En jy kon glad nie gesien het wat binne-in die huise aangaan nie. Dit is 'n oordrywing van jou kant af om te sê dat die mense is so geslaan in die huise? -- Kyk, as 'n polisieman in 'n huis ingaan, kom die mense vinnig uit daardie huis gehardloop. Dit is logies dat die mense daar uitgehaas het as gevolg van die slaan met die sambok en van die mense is van onder die bed uitgeslaan met 'n sambok.

So, jy was so naby dat die mense dit vir jou kon sê? -- Ja, na die toestand verbeter het, het die mense uitgekomen en in die strate saamgedrom daar waar hulle nou gepraat (30)

het/...

het van hulle ondervinding tydens die voorval.

Wat jy vir die Hof dan vertel het is nie wat jy waargeneem het nie, maar net stories wat jy gehoor het? -- Nee, dit is nie dit nie. As ek gesien het 'n persoon verlaat 'n huis en hy verlaat daardie huis in 'n haas en die persoon sê later vir my "Ek het uit daardie huis gekom omdat ek uit daardie huis onder die bed uitgehaal is met 'n sambok" bevestig dit wat ek vroeër gesien het dat dit wel so gebeur het. (10)

Maar jy het nie gesien dat die polisie slaan die mense onder die bed nie, het jy? -- Nee, daar praat u die waarheid. Ek het dit nie gesien nie.

En as jy hier vir die Hof kom sê dat die polisie die mense so onder die bed uit geslaan het, dan praat jy van wat jy by ander mense gehoor het en nie wat jy waargeneem het nie? -- Ja, dit is wat ek gehoor het, maar wat terselfdertyd staving is vir wat ek gesien het plaasvind.

Hierdie mense het nou daar onder die bed geskuil. Jy sê hulle het later uitgekom en daar bymekaar gekom. Wanneer was dit? -- U moet verstaan, ek sê nie al die mense het (20) onder die bed uitgekom nie. Ek sê na die toestand verbeter het, het die mense saamgedrom en vertel van wat gebeur het met hulle. Die een sê hy was onder die bed, die ander een sê hy nee, hy was onder die tafel. So, die stories wissel maar wat die mense vertel van hoe hulle skuiling geneem het.

Dan vra ek weer vir jou, waar het hulle so saamgedrom toe toe jy met hulle gepraat het? -- In die strate.

Waar? By jou huis? By hierdie huis waar jy geskuil het of was dit heeltemal op ander plekke? -- By verskillende strate. Selfs by ons straat waar ek woon was daar baie (30)

mense/...

mense gewees.

Hoe lank nadat die polisie daar opgetree het daardie dag was dit gewees? -- Ek kan nie onthou hoe lank dit was na die polisie verby is nie.

Ure daarna? -- Nee, dit was nie ure nie.

Hoe lank? Tien minute daarna? -- Nie meer as dertig minute nie. Dit kon miskien meer as twintig minute gewees het.

En die polisie was toe heeltemal weg? -- Hulle het net heen en weer daar by die hoofpad patrolliedienste gedoen. (10)

Dit is nou met die sambokke. Watter ander mense het jy gesien is beseer? Nou vra ek jou duidelik met jou eie oë gesien? -- Met rubberkoeëls.

Waar het jy dit gesien? -- Terwyl ek by daardie huis was waar ek skuiling geneem het, het ek dit gesien asook op pad terug van my huis af waar ek gaan bel het, het ek dit nog gesien.

Wat het jy gesien daar by die huis waar jy geskuil het, want jy was mos nou binne-in die huis, jy kan nie die hele pad sien nie. Waar sien jy nou persone is beseer met rubber- (20) koeëls? -- Na ons die huis verlaat het en besig was om om die huis te beweeg, is van ons met rubberkoeëls geraak.

Van ons? Is jy ook geraak? -- Nee, nie ek nie.

Julle was dan net vier mense gewees wat om die huis beweeg het? -- Ja.

Wie is met die rubberkoeëls geraak? -- Ons was oorspronklik vier persone gewees wat in daardie huis ingevlug het. Toe ons die huis verlaat het na buite toe om om die huis te beweeg, was daar nog ander mense wat bygekom het wat gevlug het ook van ander rigtings af. Van hulle het by ons (30)

aangesluit/...

aangesluit met die omloop om die huis. Van hulle is verby.

Wie van hulle is raakgeskiet? Is dit die man wat in die nek geskiet is? -- Behalwe dit is daar van hulle wat rubberkoeëls op die lyf gekry het.

HOF : Die man wat in die nek geskiet is, is hy met 'n rubberkoeël geskiet? -- Nee.

Met wat is hy geskiet? -- Dit was 'n kleinerige wondjie waar die ding gepenetreer het, omtrent die grootte van my vinger. So, met ander woorde, dit is 'n kleiner ding as 'n rubberkoeël wat hom getref het. (10)

MNR. JACOBS : Maar jy was mos by hierdie man? Jy moes mos nou gesien het wie het hom geskiet en waarmee is hy geskiet? Hy is dan in jou teenwoordigheid geskiet of is dit nie so nie? -- Toe hy daar raakgeskiet was, was ek by. Al die mense sê dit was 'n lewendige koeël. Ek het dit nie gesien nie. Ek het net die wond gesien.

Jy het nie gesien toe hy geskiet is nie? Jy het net die wond gesien? -- Ons het gehardloop met ons oë in die lug om die helikopter te sien. Terwyl ons so hardloop, hoor ek hierdie persoon skreeu en toe ons nou omkyk om te (20) sien wat gebeur, het ek opgemerk dat die persoon 'n besering aan sy keel gehad het.

Is dit nog toe julle na die huis toe gehardloop het om te gaan skuil? -- Nee, dit het gebeur na ons die huis verlaat het, terwyl ons probeer het om van die helikopter af weg te skuil deur om die mure te hardloop.

Waarvandaan af is geskiet? Waar was die polisieman wat geskiet het, want julle is mos nou agter die huis? -- Wat gebeur het is dat terwyl ons daar weggehardloop het en probeer skuiling kry het vir die helikopter, het ons (30)

opgemerk/...

opgemerk dat daar 'n persoon se lyf uitgesteek het uit die helikopter. Die persoon het iets soos 'n vuurwapen in sy regterhand gehad, soos ek aandui en met die hardloop hoor ons die man nou skreeu. As gevolg daarvan het ons toe afgelei dat hy deur hom geskiet moes gewees het.

So, dit is nou 'n man in die helikopter wat geskiet het?

-- Ja, dit is so.

Dit is wat jy vir die Hof probeer sê? -- Ja.

Waar was die polisie wat julle dan so gejaag het om die huis? Waar was hulle? Of was daar nie polisie wat julle(10) om die huis gejaag het nie? -- Die polisie het daar heen en weer beweeg. Partykeer in hierdie rigting en dan weer in die teenoorgestelde rigting.

Het polisiemanne julle om die huis gejaag? -- Nee, wat gebeur het is die volgende. Sê nou ons is aan die front van hierdie huis aan die stofpad se kant en hier kom die polisievoertuig afgery met daardie straat, dan sal ons omhardloop om by die agterkant van die huis te kom. Terwyl ons daar anderkant is, kom daar nou 'n ander voertuig aan die teerkant van die pad en daar is openinge waar die mense ons deur kan(20) sien, dan begin hulle met die rubberkoeëls te skiet en dan hardloop ons weer om na die front van hierdie huis toe. Dit is hoe dit gebeur het, nie dat mense ons agtermekaar aangejaag het nie. Die helikopter ook. As dit by hierdie kant kom waar ons nou geskuil het, dan moet ons weer ons posisie verander om skuiling te neem aan die ander kant.

So, ek moet dan aanvaar uit hierdie antwoord van jou dat daar in die straat was nie polisie te voet gewees nie, maar net dié wat gepatrolleer het? -- Nee, ek sê by hierdie plek waarvan ek praat was daar geen polisiebeamptes wat te(30)

voet/...

voet was wat ons gejaag het nie. Ons self het probeer wegkruip vanaf die voertuie wat daar verbygery het.

Met ander woorde, dit was so veilig, as die voertuie verby is en hulle is ver, dat jy aan die oorkant van daardie huis kon gaan skuil en daar is geen polisiemanne nie? -- Ja, maar as jy nou verder loer in daardie pouse, dan sien jy by 'n ander punt in daardie omgewing daar is mense wat te voet gejaag word. Dan word jy bang om uit te gaan, want dan sal jy ook geïdentifiseer word en gejaag word. Dan het jy besluit om liewers nie uit te gaan nie. (10)

Hierdie storie wat jy vir die Hof vertel het terwyl jy nou daar agter die huis was of uit die huis uitgekom het en jy gesien het hoe dat die polisie mense vaskeer en slaan is dan ook net 'n fabel, want hulle het mos nou met motors en goed daar verbygery en net vër weg was mense wat gejaag was? -- Dit is voorvalle wat plaasgevind het.

Jy sien, as ek jou getuienis reg verstaan het jy eintlik lank na die polisie, na die voorval plaasgevind het, het jy eers mense weer bymekaar gesien? -- Waar sien ek hulle?

Ek stel dit aan jou dit is nie terwyl jy daar gewees (20) het nie, want ek wil probeer van jou vasstel, jy maak hier 'n stelling in jou getuienis-in-hoof dat een van die redes waarom die mense blykbaar kwaad sou gewees het is omdat die polisie hulle in hulle huise aangerand het? -- Ek sê dit sonder enige twyfel dat dit so is.

Dit is nie jou waarneming nie, dit is wat jy gehoor het by ander mense? -- Ek het baie voorvalle met my eie oë gesien.

Hoe dat mense in hulle huise geslaan word en nou is hulle daarvoor kwaad? -- Ja.

Ek het nog nie een keer - ek het jou al 'n paar keer (30)

gevra/...

gevra oor hierdie aspekte, maar jy het nog nie een keer vir ons vertel waar jy gesien het is die mense in hulle huise geslaan nie? -- Ek het gesê by verskillende huise daar in daardie omgewing het ek gesien dat daar mense uit die huise uitgevlug het met sambokke aangejaag.

En is hulle geslaan buitekant? -- Ja, hulle is gevolg met 'n sambok.

Ek vra is hulle geslaan buitekant? -- Ja, hulle was geslaan.

Noem een geval waar 'n huiseienaar of 'n bewoner van (10) 'n huis binne-in die huis geslaan is wat jy gesien het? -- Ja, ek weet van 'n persoon.

Waar? -- In dieselfde straat waar ek was, dit wil sê by die huis wie se front gekyk het, verder af 'n paar huise. Die polisie het mense daar ingejaag en van hulle uit die huis later uitgejaag. Ek het toe later verneem dat daar dogters was van daardie huis wat tesame met die vlugtende persone wat ingegaan het daar ook geslaan was met die sambok.

So, dit is nie wat jy waargeneem het nie. Dit is 'n storie wat jy gehoor het? -- Toe die persone daar uitgejaag(20) was met 'n sambok het ek gesien dat hulle geslaan word. Die meisiekinders wat die inwoners is by daardie huis, het ook uitgehardloop. Dit het ek gesien. As hulle vir my sê dat hulle ook geslaan was en dat ek alreeds gesien het dat hulle uitgevlug het, dan is dit die waarheid dat hulle geslaan is.

Jy het nie gesien dat die meisiekinders geslaan is nie? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Jy het dit ook nie eers waargeneem nie? -- Ek getuig dat ek dit gesien het toe hulle geslaan word met die (30)
verlating/...

verlating van die huis.

Kan jy vir ons sê of daardie meisiekinders nie ook deel van die optog was nie? -- Nee, hulle was nie.

Hoe weet jy dit? -- Want dit is wat hulle later gesê het.

Jy het nie gesien dat hulle ook in die huis in vlug toe die polisie hulle jaag nie? -- Nee.

Op een storie wat jy nie waargeneem het nie, wat jy op hoorsê na die hof toe kom ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : The prosecutor has put this three or four times.(10)
We submit with respect that the witness has answered. He has been particularly clear on an equal number of occasions. I am sure that he does not know anything about the rule relating to res gestae and hearsay, nor do we want to argue about it at this stage, but I submit with respect that the answer has been given three or times consistently.

HOF : Dit is so. U is nou besig om te stry en nie te vra nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net een stelling maak, wat ek besig was om te doen, dat nieteenstaande hy nie direkte waarne- (20) mings gedoen het nie, was jy bereid om vir die Hof te kom sê in jou getuienis-in-hoof dat die polisie het baie mense geslaan wat in die huise was ook, wat huisbewoners is en wat daar in die huise was? -- Na ek self die ondervinding gehad het van die polisie se gedrag daar en die mense vir my kom sê het dat dit so gebeur het, het ek dit so aanvaar. Ek het geen rede gehad om dit nie te glo nie.

Nadat jy hierdie man gehelp het wat in die ambulans weggeneem sou gewees het, hoe laat het jy ongeveer by jou huis teruggekom? -- Ek kan nie onthou hoe laat dit was nie.(30)

Kan/...

Kan jy vir ons sê ongeveer hoe laat dit was? -- Ek skat ongeveer voor 12h00, na 11h30, voor 12h00.

Hoe laat ongeveer het die polisie julle voorgekeer toe die skietery begin het? -- Dit was voor 11h00, om en by 10h40, 10h45.

En daardie middag, wat het jy gedoen? Het jy heeldag by jou huis gebly? -- Ek is die middag na Oupa Mariletsi toe in Gebied 13.

Hoe laat ongeveer? -- Ek kan nie onthou nie. Dit was in die namiddag. (10)

Was dit lank na middagete? -- Ek kan nie meer so goed onthou hoe laat dit was toe ek weg is om na Oupa se huis te gaan of toe ek by Oupa kom nie. Al wat ek kan sê is, dit was in die namiddag.

Is dit die eerste keer wat jy jou huis verlaat het nadat jy teruggekeer het nadat jy die gewonde gehelp het? -- Ja, ek was die hele tyd daar by die huis gewees voor ek na Oupa toe gegaan het na ek teruggekeer het.

Wat het jy by Oupa gaan maak? -- As gevolg van wat daar gebeur het vroeër het ek besluit om Oupa te gaan sien en (20) hierdie gebeure n bietjie te bespreek oor wat nou gebeur.

Wie is Oupa Mariletsi? Aan watter organisasie behoort hy? -- Hy behoort nie aan n organisasie nie.

Nie COSAS nie, ook nie VCA nie? -- Nee.

Hoekom gaan bespreek jy dit met hom? -- Oupa is my vriend. Ek het besluit om na hom toe te gaan.

Het jy en Oupa by sy huis gebly daardie hele dag of waarheen is julle? -- Nee, met my aankoms was Oupa nie tuis nie, volgens sy moeder. Dus is ek terug na my ouers se huis toe. (30)

Het/...

Het jy daarna die hele tyd by jou ouers se huis gebly?

-- Ja.

Tot die volgende dag? Die nag ook? -- Ja, dit is so.

Het jy enige van die beskuldigdes of van die ander lede van VCA daardie dag gesien weer? -- Nee, niemand nie.

Het jy nie op enige stadium gehelp om vas te stel watter mense is beseer en gedood daar en die naamlyste op te stel nie? -- Nee, ek het nie.

Die volgende dag? -- Ook nie die volgende dag nie, want ek was net in die lokasie daar gewees. (10)

Nooit gehelp met die opstel van naamlyste van beseerdes en dooies nie? -- Nee.

Het jy weer die mense van VCA gesien die dag daarna, die 4de? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

Het jy die 4de ook by die huis gebly die heeldag? -- Ek is toe weer weg na Gebied 3 toe by my tante se huis.

Om wat te gaan maak? -- Na aanleiding van die inligting wat ek alreeds bekom het oor die voorvalle wat plaasgevind het tydens hierdie gebeure, dat die polisie sekere mense besoek, het ek besluit om na my tante toe te gaan. (20)

HOF : Het u gedink die polisie soek u of het u gedink die polisie soek iemand anders? -- Ek het die indruk gekry dat die polisie op soek is na die persone wat 'n rol gespeel het by die vergaderings vir die protes van die huur.

MNR. JACOBS : Wie het vir jou die inligting gegee? -- As ek reg onthou het ek telefonies met Edith se huis in verbinding getree. Die antwoord daar is dat Edith nie tuis was nie, want sy word deur die polisie gesoek. Tweedens, ek het ook in die verklarings in die koerante gesien waar daar beweer word dat die mense wat dit veroorsaak het, dit wil sê die (30)

gebeure/...

gebeure van die 3de, is mense wat n rol gespeel het in die protesvergaderings wat gehou was.

Jy het toe dadelik besef jy is ook een van hulle en toe vlug jy? Toe kruip jy weg by jou tante? -- Ja, ek het toe besef aangesien ek ook by hierdie vergaderings was, is daar n moontlikheid dat hulle na my toe ook kan kom. Die beste vir my om te doen is om by my tante te gaan woon in Gebied 3.

En weg te kruip daar vir die polisie? -- Ja.

Wie is jou tante? -- Elizabeth Malindi.

Hoekom het jy vir Edith gebel? -- Weens die feit dat(10) VCA eintlik die leierskap geneem het van hierdie optog en vergaderings, sy is een van die persone wat ek eerste aan gedink het om te spreek oor hierdie voorvalle wat plaasgevind het.

So, dan verstaan ek jou heeltemal reg, VCA het die leierskap geneem met al die vergaderings en met die optog? -- Ja, die twee vergaderings wat ek bygewoon het sowel as die optog, is ek daarvan bewus dat VCA n hoë rol gespeel het daar.

Die twee vergaderings, as ek dit net duidelik kan kry, (20) is die middagvergadering op 26 Augustus van VCA, nê? 26 Augustus 1984 net om die datum reg te kry? -- Die vergaderings van 25 en 26 Augustus 1984.

Ons wil dit net duidelik kry, op die 26ste was daar twee vergaderings wat jy bygewoon het. Al twee van hulle ook? -- Nee, ek praat van die vergadering in die middag.

Maar tog het Esau en Edith en beskuldigde nr. 17 gekom op daardie oggendvergadering en ook n belangrike rol daar gespeel? -- Hulle het n baie klein rol gespeel dat hulle vir n baie kort rukkie gepraat het. (30)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 28 APRIL 1987.